NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

December 2007 Desember 2007

Redaksioneel

Weens verlede maand se oneindige probleme met my telefoon voel dit asof ek nou al vir 'n maand lank niks anders doen as om die Tambotie te skryf nie. ('n Voordeel wat voortgespruit het uit al hierdie probleme is dat een van ons lede vir my besonderhede gegee het van 'n persoon met wie jy kan praat as jy sulke probleme optel)

Hierdie jaar se houtwerkaktiwiteite is nou uiteindelik verby. Persoonlik het ek nogal 'n lekker jaar gehad en al die dinge wat die komitee voorgehou het as positief aanvaar. My stoel-projek het so halfpad deur gesneuwel weens die feit dat my tappe kort draad sou hê, wat die een poot kwesbaar sou maak vir breek. Ek het intussen 'n oplossing vir die probleem bedink/ gekry en sal nou maar rustig voortgaan om die ding te voltooi- hopelik betyds vir die volgende uitstalling!

To all of you who suffered through all the Tamboties and those who went to the trouble to make comments on the contents etc- thank you ever so much. It is always encouraging to receive any comments because it shows that the members do read that which takes a good deal of time to produce.

To all our members, and all our friends, at other associations that receive the Tambotie, I want to say:

Merry Christmas, and a very happy New Year. We hope that you all will have lots of time and opportunities for all those projects that could not be completed previously.

Programme for December

Unfortunately we will not have any meetings or demonstrations until January 2007. **However, you are reminded about our Annual General Meeting that is scheduled for Wednesday, 30 January 2008. (More detail below)**

Vorige vergadering

Ons vorige vergadering, wat ook die laaste vergadering vir 2007 was, het maar min belangstelling gelok, soos die klein opkoms getoon het. Die persone wat die aand vir ons 'n aanbieding sou doen het op 'n baie laat stadium laat weet dat hulle dit nie kon maak nie. Ons het die aand dus eerstens daaraan gewy om te bepaal:

- Of die lede spesifieke behoeftes het waarvoor ons in die vereniging kan poog om aanbiedings in die verband te reël.
- Of daar spesifieke klagtes is wat die lede pla.
- Of daar idees is oor hoe ons meer lede kan werf om sodoende die vereniging nie te laat stagneer nie.

Die bespreking het nogal 'n hele paar moontlikhede na vore gebring. Ek noem die een en ander:

- **Demonstrasies by lede se huise/ werksplekke**. Dit is om spesifieke houtwerk aktiwiteite uit wys, byvoorbeeld om swaelsterte met die hand te maak, hoe sekere gereedskap werk.(Dit kan 'n mens in staat stel om te besluit of jy ook vir jou so 'n item moet aanskaf) Hoe om effektief te slyp. Hoe om jou werksplek in te rig. Hierdie is moontlik 'n variasie op die werkwinkel besoeke van vroeër, hoewel dit hier eerder vir Saterdae en publieke vakansiedae beplan word.
- **Klasse vir nuwe lede** (Ou lede ook, mits hulle voel hulle wil bywoon!) Hier kan ons diegene wat bekend is vir hul uitstekende werk betrek om tegnieke prakties aan ons lede oor te dra. Die komitee kan moontlik ook sulke opleiding gedeeltelik borg terwyl die "student" ook sy eie deel kan bydra. Op hierdie wyse kan ons moontlik ook buite instansies kry om sulke opleiding aan te bied. Ons moet van u af insette kry of u in spesifieke goed sou belangstel, dan kan

mens voortgaan om sulke reëlings te begin maak.

- **Demonstrasies by Hardeware winkels.** Hier word gedink aan die moontlikheid om winkels soos **Executool, Builders Warehouse, Chamberlains, Timbercity** en andere te nader om op Saterdae demonstrasies met hul gereedskap te doen. Op die wyse kan ons die winkel die geleentheid bied om sy produkte aan die publiek te demonstreer terwyl ons uiteraard die vereniging dieselfde tyd blootstelling kan laat kry. Hier sal ons moet dink aan 'n korporatiewe beeld vir die vereniging, soos om 'n T-hemp en of pet met die vereniging se logo op tydens sulke demonstrasies te dra. U moet tog maar daaraan dink om u siening hieroor te lug. Ons kan mos maar so 'n T-hemp/ pet oorweeg vir dra wanneer ons werk.
- **Ander moontlikhede** Die bogenoemde is maar die dinge waaraan ons die aand so vinnig kon dink. Dit word geglo dat diegene wat nie die aand teenwoordig was nie ook nog baie ander idees kan byvoeg vir oorweging van die komitee. U word versoek om tog maar u gedagtes hieroor te laat gaan en dan voorstelle skriftelik in te dien sodat die komitee dit rustig kan oorweeg.

VOORSITTER SE DEEL

Ek sien dat ek verlede maand nagelaat het om my gelukwense uit te spreek teenoor almal wat trofees en sertifikate verwerf het met items wat tydens die uitstalling ingeskryf was vir beoordeling. Nogmaals veels geluk, hou so aan.

Meeste van julle is bewus daarvan dat ek nie internet fasiliteite het nie. Ek het niks teen hierdie wonderlike tegnologiese fasiliteite nie maar ek weet werklik nie hoe ek dit ook nog gaan inpas in my beskikbare tyd nie. Ek verlaat myself dus maar op boeke vir die informasie waarin ek 'n belangstelling of behoefte het. Ek kan ook my boeke gebruik al is die krag af en die telefoonlyne buite werking is.

At the beginning of November I had an opportunity to attend a luncheon on the occasion of the launch of the latest book by Thomas Pakenham and of course to meet the author in person and to purchase a signed copy of this book titled "IN SEARCH OF REMARKABLE TREES-ON SAFARI IN SOUTHERN AFRICA".

This 74 year old Irishman is no stranger to Africa with his award winning books – "The scramble for Africa" and "The Boer War." This latest book is a third in a series on remarkable trees. The other two best sellers were "MEETING WITH REMARKABLE TREES" and "Remarkable Trees of the World". In his latest book he concentrates on "remarkable" trees in Southern Africa and Madagascar only.

The author is a brilliantl photographer with a passion for trees and an eye for the extraordinary in nature which he so marvellously captures in the pictures. It was interesting to hear his views on global warming and the culling of elephants, both aspects that have an influence on the survival of our trees. The thought crossed my mind that it would be a wonderful privilege to have this man as a guest speaker at a club meeting!

I also recently came into possession of a set of books comprising 5 volumes titled "Cassell's Cyclopaedia of Mechanics" edited by Paul N. Hasluck and it is dated 1908. These books date from an era when things were mostly self made or repaired when worn or broken but seldom discarded. It is well illustrated and covers a multitude of topics. Also of interest is the old style of English language used. I mention a few of the topics that caught the eye while paging through this cyclopadia of 1760 pages.

i. Bending walking sticks and umbrella handles.
ii. Preventing Rattling of Bus windows.
iii. Making cutters for Spindle Moulding Machines.
iv. Adjusting ink flow in Fountain pens.
v. Testing vacuum of electric Incandescent lamps.
vi. How to make a cheap drilling machine etc etc.

There are all sorts of useful products from soap to white paint for canoe Yawl. I give you one, useful for woodworkers. "The following is an approved recipe for a light oak stain. Mix together 5 parts of raw Sienna oil and one part of burnt Turkey umber. For a dark oak mix 2 parts of raw sienna, 2 parts of burnt Turkey umber and one part of burnt sienna. Thin down to the required consistency with 4 parts of turpentine and one part of terebine. All the pigments should be obtained/ ground in linseed oil. By mixing the colours in various proportions, almost any shade of oak may be obtained. It is assumed that the work is to be afterwards varnished."

Now all I have to do is to go on the internet (which I have not got) to find out what the ingredients are and where I can find it because my local **Builders Warehouse** could not help me.

Al wat nou nog hierdie jaar vir my oorbly is om aan elke lid van ons vereniging en hul gesin 'n Geseënde

en rustige Kerstyd toe te wens. Indien julle op reis gaan, doen dit tog versigtig sodat ons volgende jaar voltallig kan wees. En glimlag tog maar vir die omie met die kamera by die begin van die dorp.

Terwyl julle so rustig verkeer dink solank aan 'n geskikte persoon wie volgende jaar as voorsitter van hierdie vereniging kan optree. My twee jaar termyn is nou verstreke en ek mag nie langer die posisie beklee nie.

Ek oorweeg dit nog of ek julle maar kan vertel van die gedagte wat ek het met my buurvrou se padda. (Wat is die verskil tussen 'n padda en 'n parra in die Afrikaanse spreektaal?)

Kersgroete.

At Smit

KENNISGEWING

Die Algemene Jaarvergadering van die Houtwerkvereniging van Pretoria sal plaasvind op Woensdag 30 Januarie 2008, om 18:00, in die Jan Smuts Laboratorium, Departement Plantkunde, Universiteit van Pretoria.

Agenda

1. Opening.
2. Presensie.
3. Verskonings.
4. Notule van vorige vergadering:
5. Sake voortspruitend.
6. Verslag van die Voorsitter.
7. Finansiële verslag; Tesourier.
8. Verkiesing van nuwe komitee.
9. Jaarprogram.
   - Nabetragting van afgelope program.
   - Voorstelle vir nuwe program.
10. Afsluiting.

Notule van die vorige AJV

Die notule van die vorige AJV word hierby aangeheg.

Advertensie

TE KOOP

Elektra Beckum Bandsaag. Model BAS 314/5 WN 55

Grootte van werksblad: 55cm X 40cm

Snydiepte – 300mm en snyhoogte – 180mm

Prys: Enige aanbod bokant R2500-00

Skakel Lou Coetzer by 012-991-1241 / 082-332-5786

(***Lou het aan my gemeld dat hy reeds 'n redelik ernstige navraag gehad het, so as jy sou belangstel moet dit met spoed geskied! - Red)***

Turners' Corner

The last meeting of the turners, at Leon's place, turned out to be quite successful, in spite of the fact that less members than usual turned up.

Although it was decided that the homework was not a priority for this meeting, a fair amount of good pieces were on display for discussion. Unfortunately the photographer's computer picked up a virus, so we cannot include pictures. (***At Smit must now be gloating and have somewhat to say about the things that he does not know! Ed.)***

The braai also went well.

It was decided that the turners will follow the same programme that was used for 2007. Therefore, the homework for January, 2008 will be a piece of your own choice. This meeting will be Francois van Wyk, on Wednesday, 23 January, 2008 at 18h00.

Oversight

In last months' Tambotie, I forgot to congratulate Andrew Bourke and Frans Gericke for winning the "Aanhouer Wen-trophy" **Well done chaps!**

REDAKSIE

Redakteur: Louw Trichardt
Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149
Telefoon: 012 653 1874
E-pos: louwmarie@icon.co.za